

Navorsers terug in PE ná Indiese Oseaan-tog

JOANÉ VAN DER MERWE

Port Elizabeth

Mnr. Tommy Bornman van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Akwatiese Biodiversiteit in Grahamstad het die naweek na Port Elizabeth teruggekeer ná 'n 38 dae lange ontdekkingstog in die Suid-Indiese Oseaan aan boord van die Noorweegse navorsingskip Dr. Fridtjof Nansen.

Hy is een van 17 wetenskaplikes van regoor die wêreld wat deel is van die Agulhas and Somali Current Large Marine Ecosystems-projek (ASCLME). Bornman het oor ontdekkings, die lewe op 'n skip, Somaliese seerowers en veral oor onderwaterberge gesels.

Net minder as 40 dae is in die gebied tussen Kaapstad en Réunion deurgebring, waar toestel die diepsee ingestuur is wat watermonsters en verskeie spesies – van fitoplankton tot visse – versamel. Atlantis is een van die ses reuse-onderwaterberge



'n Seekat sonder naam – een van die skynbaar nuwe spesies wat tydens die navorsingsreis ontdek is.

Foto: SARAH GOTHEIL



Die Noorweegse navorsingskip Dr. Fridtjof Nansen.

wat ook bestudeer is.

Volgens Bornman is daar meer as 'n miljoen seeberge in die wêreld, waarvan die vlakste 15 m en die diepste 1 200 m is.

“Dit is baie belangrik dat ons veral na onderwaterberge omsien. Dit val nie binne enige regering of land se jurisdiksie nie; so, navorsers moet vir beskerming beding,” het Bornman gesê.

“Daar is soveel lewe op en om 'n seeberg. 'n Hoër produktiwiteit kom hier voor omdat see-

strome daarvoor en daarrondom beweeg. Jy kry byvoorbeeld meer plankton, visse, walvisse en seevoëls. Elke seeberg is ook uniek.”

Die ASCLME verken die oop see vanaf Kaapstad tot aan die bopunt van Somalië, maar Bornman het gesê dat die Somaliese seerowers hul werk bemoeilik.

“Die verste noord wat ons kan gaan, is die bopunt van Madagaskar. Ons het op die oomblik 'n skip daar en hulle is die hele

Mnr. Tommy Bornman van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Akwatiese Biodiversiteit in Grahamstad gesels oor byna 40 dae op 'n navorsingskip.

Foto: LEON HARMSE



tyd op die uitkyk vir seerowers.

“Ons het egter 'n vaartuig wat soos 'n torpedo lyk wat met radiobeheer in gevaarlike waters ondersoek doen. Die apparaat versamel inligting en stuur dit per satelliet na die navorsers uit.”

Dié navorsings-“torpedo's” is ook 'n goedkoper manier van ondersoek doen, aangesien dit sowat R350 000 per dag kos om 'n skip van dié formaat aan die gang te hou.

Bornman het vertel die op-

winding wanneer 'n apparaat nuwe monsters uit die see bring, is soos om 'n Kersgeskenk te ontvang. “Die beste oomblik is wanneer jy 'n nuwe spesie ontdek. Die ergste van 40 dae op 'n klein skip is dat jy sleg slaap. Ek kan nie wag om in my eie bed te slaap nie!”

Die navorsers het die naweek van Port Elizabeth teruggevlug na hul onderskeie lande. Die skip vertrek vandag na Kaapstad vir sy volgende navorsing, wat in 2010 sal gebeur.

Foto: SARAH GOTHEIL